**Voorspel**

Jou tyd het verstryk, ou Grote:
lank was jy tiran,
oor alles Rex,
maar soos die komeet
sou jy val,
die ou handjies verpot gebal
in ’n laaste stuiptrek.
’n Versteende been
uit die oerlae gegraaf
sou hierdie wankelrige uur
my vroegste dolos raak.